

Trachyandra laxa

E: tumbleweed A: rolbos, hoeshout, duinekool, perdestert (kon geen ander name opspoor nie)

Aangesien hierdie plant so baie Afrikaanse name het, blyk dit goed bekend te wees; ek het dit NOU eers teëgekomp by die indraaipad na Duikersvlei (en dit was ook nog afgewei!). Die pragtige blommetjies het my oog gevang.



Die plant groei tussen gras en lyk baie onopvallend as dit nie blomme dra nie, amper soos gras met dik stingels of biesies. Dit kan tot 70 cm hoog groei (die blomdraende deel). Interessant is die silindriese blare. Nadat die plant klaar geblom het, droog die blomdraende deel uit, breek af en word deur die wind weggewaai. Die "blomstede" van verskillende plante koek saam en vorm die "rolbos". Teen drade of in kamphoeke kom die bolling dan tot stilstand en kan sy saad gooi. Daarom sien 'n mens dikwels 'n hele aantal van die plante in kamphoeke of teen die draad. Hulle groei in diep sand na goeie reens.





Veral onder kleinvee (skape) kan daar groot skade a.g.v.vergiftiging deur hierdie plant ontstaan. Die gif affekteer die brein, en die gevolg is toenemende gedeeltelike verlamings, die diere kan die pote nie behoorlik optel nie (veral agter), die spiere "spring", die dier gaan le en vrek a.g.v. gebrek aan kos en water. Hulle kan nie daarby kom nie. Hulle kan gered word en weer herstel as jy kos en water aanry. Om skade te voorkom, sal dit seker sinvol wees om die plant uit te haal en te vernietig, waar groot kolle daarvan groei.

Dit is 'n GIFPLANT.

Soos by feitlik alle gifplante die geval is, kan hulle ook gebruik word om sekere siektetoestande te werk. Hierdie plant word deur die Himbas gebruik om kinkhoes/droe hoes te verlig (dalk word die senupunte verdoof, prikkelbaarheid so verminder?) **MOENIE TOETS NIE!** gebruik liewers kommersiele hoesstroop! (Naam: hoeshout)



Vir hierdie sort ruspes is dit blykbaar gesonde kos. Hulle het slegs op hierdie soort plante gesit en vreet.

In die suide van Namibia en in Suid-Afrika groei verskillende *Trachyandra* spesies wat bekendstaan as: veldkool, strandkool, "hairy" strandkool. Die blomdraende deel word gepluk voor die blomme oopmaak (dit lyk soos aspersie) en daarvan word "delicious stew" gekook. Ons spesie se naam is "duinekool"..... ek WONDER of ons dit moet toets.....

Inligtingsbronne: Toxic plants of veterinary importance in Namibia deur Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert
Heil- Gift- und essbare Pflanzen in Namibia deur E.v.Koenen
Flowering Plants of the Kalahari Dunes deur Noel van Rooyen
People's Plants deur Ben-Eric van Wyk en Nigel Gericke
DR.Chritian Lichtenberg
Google *Trachyandra laxa* Namibia

Fotos: Anka Eichhoff

Februarie 2014 (geaktualiseer Mei 2015)